**Skriflesing: Matt 6:12, 14 en 15; Matt 18:21-35; Lukas 23:34; Kol 3:14**
**Tema: Vergifnis**

Die meeste gesprek oor die vyfde bede in die ons Vader gaan oor die woordjie "soos". Hoe moet ons dit verstaan?

Beteken dit dat ons vir die Here vra dat Hy vir ons moet vergewe op dieselfde manier as wat ons ander vergewe? Dan is ons in die moeilikheid, want dan word elkeen van ons God se rolmodel vir vergifnis. Beteken dit dat ons bid dat God ons moet vergewe omdat ons vergewe het, met ander woorde God skuld ons vergifnis? Hy moet ons met Sy vergifnis beloon omdat ons vergewe het? As ons vergifnis kon verdien deur vergifnis te gee, waarom het ons dan 'n Verlosser nodig? Vergifnis begin nooit by my en jou nie.

Die kringloop van vergifnis begin altyd by God. Vanaf Jesus Christus aan die kruis vloei vergifnis deur ons as Sy kinders na ander. En ons word vergewe omdat ons ander vergewe. So word die kringloop voltooi.

Ek wil vergifnis probeer verduidelik met die plastiek waterspuite wat jy in jou hand hou en waarmee jy jou tuin natspuit. Die spuit word aan die tuinslang gekoppel en water vloei in die spuit in. Maar indien die spuit toegedraai is, beteken dit niks. Ek moet dit oopdraai om die tuin nat te spuit. Dan vloei water deur die spuit en bring nuwe groei. Water kan nie van die bek van die spuit terugvloei na die tuinslang toe nie. So sal ons net God se vergifnis bly ontvang indien dit deur ons uitvloei. Vergifnis kan nooit van my af na God toe terugvloei nie.

Jesus ag vergifnis so belangrik dat Hy dit in die Ons Vader-gebed langs brood neersit. Sonder brood sal ons sterf. Sonder vergifnis sal ons ook sterf. Dink net daaraan: sonder vergifnis sal geen verhouding werk nie, nie eens ons verhouding met ons eggenoot of kinders nie. Ons sal vervreem van mekaar en alleen deur die lewe reis.

Vergifnis is egter heeltemal vreemd aan ons natuur. Dit maak nie sin nie. Daar is vele getuienise van sulke vergifnis. In Amerika is Reginald Denny, 'n vragmotorbestuurder, in 1992 byna doodgeslaan in die Los Angeles onluste. Hy het op 91 plekke skedelbreek opgedoen en het nooit volkome herstel nie. Vier persone, wat bekend geword het as die LA 4, is aangekla vir sy aanranding. Reginald Denny het van sy aanvallers ontmoet en vir hulle gesê dat hy hulle vergewe. 'n Verslaggewer het later geskryf dat Denny waarskynlik breinskade opgedoen het, want om sy aanvallers, wat hom vermink het, te vergewe, is abnormaal.

Vergifnis is abnormaal want dit is Goddelik. Dit is abnormaal dat God vir my so liefhet dat Hy Sy Seun stuur om my sonde te vergewe. Dit is abnormaal wanneer Jesus bid vir hulle wat Hom verraai en in die steek gelaat het. Hy bid vir hulle wat Hom onregverdig verhoor en stukkend geslaan het, hulle wat Hom met dorings gekroon het, hulle wat Hom gespot, gespoeg en uitgelag het. Hy bid vir hulle wat Hom aan 'n vloekhout vasgespyker het: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Lukas 23:34) Jesus het ons lief tot die dood toe. Daarom bid Hy ook vir ons. Jesus bid vir almal van ons wat Hom, deur ons sonde, weer die afgelope week aan die kruis laat spyker het. Hy bid vir ons wat gerieflikshalwe so maklik "vergeet" dat ons Christene is en sodoende eintlik maar saamskreeu: "Kruisig Hom" Hy bid: "Vader, moenie daaraan dink dat hulle My doodmaak nie. Dink daaraan dat ek vir hulle sterwe. Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

En Hy leer vir ons om te bid: "en vergeef ons ons oortredings, soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree." Hierdie gebed is om die volgende redes nie maklik om te bid nie:

**1. Met hierdie gebed bely ek my afhanklikheid van die Here**
In ons selfhelp en ek-sal-self-tyd vra ons dat God ons eers moet vergewe, dan kan ons ander vergewe. Dit is vir ons moeiliker om geskenke te ontvang as om te gee. Dit is ook waarom ons, selfs in ons verhouding met God, 'n klomp goed wil doen. In ons verhou-ding met Hom moet ons egter altyd eers ontvangers wees voor ons gewers kan wees. Ons is 100% afhanklik van God. Ons het niks om te gee as dit nie eers aan ons gegee word nie. Ons moet eers vergewe word, voordat ons kan vergewe. Ons is soos water-spuite wat eers water moet ontvang voordat ons dit kan spuit.

**2. Om te vergewe gaan teen die gang van die wêreld in**
Wanneer God ons telkens vergewe, is dit nie vir Hom goedkoop of maklik nie. Hy sê nooit dat sonde nie so erg of eintlik onbenullig is nie. Hy vergewe sonde, omdat Hy weier om sonde die finale woord te gee in Sy wêreld en ons lewens. Hy is so ernstig oor sonde dat Hy Sy enigste Seun aan 'n kruis laat spyker daarvoor.

Wanneer ons Sy opdrag kry om te vergewe, sê God nie dat dit wat ander ons aangedoen het nie so erg is of dat ons tog nie 'n berg van 'n molshoop moet maak nie. Om te vergewe is om soos God te weier om sonde die finale woord in my lewe en Sy wêreld te gee.

Met vergifnis maak die Here nie van ons deurmatjies of slagoffers nie. Hy nooi vir ons om, soos Hy, beheer te vat. Hy nooi vir ons om die wêreld om te keer, om 'n stok te steek in die wêreld se wiel van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

Nie langer is ons hulpelose slagoffers wat wag op wraak nie, ons neem beheer. Ons is Sy kinders wat die gewone loop van dinge omkeer. Ons is oorwinnaars eerder as slagofers. Ons is die helde en heldinne wat deur God vergewe is en daarom kan vegewe.

**3. Vergifnis is 'n keuse vir 'n gebreekte hart**
Vergifnis is 'n keuse om gebroke te wees sodat God jou kan heelmaak.
Dawid skryf in Ps 51:19: "Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God."
Verootmoediging is 'n gebreekte hart. Dit is om te kies om te breek, om van my valse sogenaamde sterk en onafhanklike self bevry te word. Dit is die erkentenis dat ons gebroke mense is wat vergewe moet word. Dit maak ons klein voor God. Dit breek ons weerstand teen God af sodat Hy ons kan heelmaak. Verootmoediging is om soos 'n bedelaar voor God te gaan staan. Dan eers kan Hy ons ryk maak.

**Beteken vergewe om te vergeet?**
Op die lang duur help die Here ons om te vergeet. Dit is wat Sy vergifnis beteken. Wanneer Hy my en jou sonde vergewe, sien Hy ons soos iemand wat niks verkeerd gedoen het nie.

Maar vergifnis vat gewoonlik tyd. Wanneer 'n kerkklok gelui word, hou die klok nie op met lui die oomblik wanneer die tou gelos of die skakelaar afgeskakel word nie. Vergifnis is 'n keuse om die tou te los sodat die klok geleidelik kan ophou lui.
Vergifnis is om te weier om nog hout in die vuur te gooi sodat die vuur later niks meer het om mee aan die brand te bly nie.

**Is daar beperking op vergifnis?**
Nee, daar is nie 'n beperking op vergifnis nie. Wanneer Jesus vir Petrus in Matt 18 sê dat hy sewentig maal sewe keer moet vergewe dan bedoel Hy nie dat hy vierhonderd en negentig keer moet vergewe nie. Hy bedoel dat dat daar geen beperking is om die aantal keer wat ons moet vergewe nie.
God se vergifnis van ons is kruisgroot. In Matteus 18 skuld die eerste amptenaar die koning R5 miljoen. Die mede-amptenaar skuld die man wie se skuld afgeskryf is net R5. Dit is die verhouding waarmee God ons vergewe teenoor dit wat ons ander mense moet vergewe. Kom ons laat toe dat God se vergifnis deur ons uitvloei na ander.

Liefde onderbreek die vermetele houding van die wêreld wat wil inplof van geweld. Vergifnis onderbreek die bose kringloop van haat en dit wys en roep op tot versoening.

Elkeen van ons het 'n keuse. Òf ons kies om 'n slagoffer te wees wat vasgevang is in ons menslike beperkings van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand òf ons is 'n oorwinnaar in die voetspore van Jesus Christus.

Ek wens vir ons toe nie die lompe logheid van onthou en wreek nie, maar die vlugvoetigheid van vergifnis sodat ons lig kan reis. Ek bid dat ons 'n geloofsgemeenskap sal wees wat vergifnis wil aangee.

God begin elke dag nuut met ons. Kom ons begin ook telkens nuut met mekaar en met diegene wat ons pyn aangedoen het. Kom ons gaan wees God se waterspuite van vergifnis wat die vure van haat en vergelding doodspuit.
**Amen**